## 13 November Markus 4:26-29

### *Glo en groei getroos*

Met die koninkryk van God gaan dit so: Iemand saai die saad op die land en gaan slaap, staan op, dag na dag en die saad ontkiem en groei - hoe weet hy self nie. Dit klink amper ooreenvoudig.

'n Mens (OV), iemand (NV), nie 'n saaier of 'n boer nie, gooi die saad in die grond. In die koninkryk van God is die mens nie die belangrikste nie. Hy moet slegs die saad strooi. Selfs hiervoor sal God die onwaardige mens bekwaam maak.

Wat verder met die saad gebeur hang nie van die saadstrooier af nie. Die woord wat hier met "vanself' vertaal is, is die woord waarvan ons woord "outomaties" afgelei is. Hier wil dit beklemtoon dat die ontkieming en groei sonder menslike toedoen plaasvind. Jesus, wat ons leer bid het vir die koms van die koninkryk, maak ons deur sy Gees geskik om medewerkers te wees. Uit dankbaarheid moet ons die saad van die Woord met oorgawe uitstrooi. Dan kan ons pleitend wag op die oes wat deur God self ingesamel sal word.

Sing: Psalm 127:1, 2 Ds. S. Hibbert (Koster)